# ~Stadig oor die Klippe ~

**Porterville**

**15-17 Desember 2023**

Te danke aan die Springbok-rugbyspan wat die Wêreldbeker 2023 gewen het, het Mnr. President ons 'n welverdiende langnaweek geskenk as 'n erkenning vir ons lojale Bok-ondersteuning as 'n nasie. Dit het ons die geleentheid gebied om 'n onvergeetlike langnaweek-rit in die berge van Porterville te geniet, gereël deur Nicolize Stigaard.

Vrydag het begin met 'n Ginproe by “The Ginsmiths distillery”. Die perde het rustig onder die bome en aan n lang tou gerus,  terwyl ons bietjie meer geleer het oor die klein jenever bessie en die kuns van stokery. Selfs klein Christiaan Stigaard het saam met pappa en oupa in die bakkie gery, waar hy heerlik in die skaduwee in sy stoeltjie geslaap het. Na die proe het ons perde terug na ons kamp in die bloekombos  en het onsself baie mooi gedra. Ons het 'n meer "scenic" roete aangedurf en die kamp was ideaal met baie bome, 'n porter-loo toilet. En dan was ‘n warm stort elke aand op die spyskaart, met lekker warm water uit die pyp wat al heeldag lê en bak op die damwal.  Die weer vir die naweek was perfek, wind stil en warm.





Die Saterdag het ons ongeveer 16 km deur die omliggende berge gery, fyntrap tussen die rotse en pragtige fynbos. Die perde het uitstekend presteer, geleid deur 'n nuwe ervaring onder die "buikgord". Die blomme en die landskap was asemrowend, en soos altyd was die middagete in die skaduwee onder 'n boom 'n persoonlike hoogtepunt. Zanelle en Nicolize het ons vir middagete ontmoet, waar klein Christiaan en Schalk lekker saam met ons gekuier het, want soos hulle sê: "Teach them young".






Die dag het afgesluit met 'n onvergeetlike ervaring toe ons bloots met die perde in die dam geswem het. Almal het saam die water geniet en daarna terug na die kamp gegaan. Dit was 'n spesiale en verfrissende oomblik.





Op Sondag het ons verkenning voortgesit na die uitkykpunt met 'n kort rit in die mis, wat later plek gemaak het vir 'n warm, sonnige dag.
Die hele Porterville-vallei was gevul met wolke, met die punt van die Pikerberg wat in die verte uitgesteek het soos die mas van ‘n skip.  Na die rit het mense gegroet, party het hul perde gelaai en is huiswaarts, terwyl ander 'n bietjie langer gebly het vir 'n middag braai in die bloekombos. Hierdie langnaweek was 'n viering van ons land, die natuurlike skoonheid en die vryheid wat ons kan ervaar te perd.



~ Hannarie le Roux